

OM TE BEREKEN DEUR BEWERKINGS TE KIES WAT GESKIK IS OM PROBLEME OP TE LOS^{*}

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 WISKUNDE

2 Getalbegrip, Optelling en Aftrekking

3 Getalbegrip

4 OPVOEDERS AFDELING

$$1.1 \quad 3\ 272 + 128 = 3\ 400$$

$$1\ 154 + 136 = 1\ 290$$

$$1\ 103 + 97 = 1\ 200$$

$$\text{SOM} = 5\ 890$$

$$1.2 \quad 138 + 622 = 760$$

$$259 + 11\ 011 = 11\ 270$$

$$235 + 25 = 4\ 260$$

$$\text{SOM:} = 16\ 290$$

$$2.1 \quad \text{Verkeerd: } 640 + 360 + 5 + 2 - 2 = 1\ 005$$

$$2.2 \quad \text{Verkeerd: } 2\ 500 + 360 = 2\ 880$$

KOPKRAPPER

$$1. \quad 41\ 186 + 23\ 880 + 12 = 65\ 078$$

$$2. \quad 758\ 817 + 100 + 118\ 200 - 4 = 875\ 113$$

Verskeie ander moontlikhede ook.

*Version 1.1: Mar 31, 2009 12:44 pm -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

5 LEERDERS AFDELING

5.1 Inhoud

5.2 AKTIWITEIT: Om te bereken deur bewerkings te kies wat geskik is om probleme op te los [LU 1.8.2]

5.2.1 ONTHOU JY NOG?

Optelling is makliker wanneer ons getalle GROEPEER.

Kyk goed na die volgende voorbeeld:

$$37 + 28 + 12 + 16 + 13 + 44$$

As ons groepeer, lyk dit so: $37 + 13 = 50$

$$28 + 12 = 40$$

$$44 + 16 = 60$$

$$\text{SOM} = 150$$

Het jy gesien? Ons groepeer die getalle so omdat ons tiene wil "volmaak", want dis maklik om op te tel.

1. Groepeer nou die volgende getalle sodat jy makliker kan optel:

$$1.1 \underline{3\ 272} ; \underline{1\ 154} ; \underline{97} ; \underline{128} ; \underline{136} ; \underline{1\ 103}$$

$$\begin{array}{r} \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \hline \text{SOM} = \underline{\hspace{2cm}} \end{array}$$

$$1.2 \underline{138} ; \underline{259} ; \underline{4\ 235} ; \underline{25} ; \underline{11\ 011} ; \underline{622}$$

$$\begin{array}{r} \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \underline{\hspace{2cm}} + \underline{\hspace{2cm}} = \underline{\hspace{2cm}} \\ \hline \text{SOM} = \underline{\hspace{2cm}} \end{array}$$

2. Werk saam met 'n maat en stel vas of die antwoorde van die volgende bewerkings korrek is. Indien nie, wys die fout uit.

$$2.1 638 + 367 = 640 + 360 - 5 = 995$$

$$2.2 2\ 496 + 364 = 2\ 600 + 360 = 2\ 960$$

5.2.2 KOPKRAPPER!

Jy moes die volgende voltooi met 'n sakrekenaar, maar jou sakrekenaar se 9 is stukkend! Hoe gaan jy die probleem oplos? Skryf alles neer wat jy sal insleutel en bereken die antwoord:

$$1. \underline{41\ 186} + \underline{23\ 892}$$

$$2. \underline{756\ 917} + \underline{118\ 196}$$

5.2.3 TYD VIR SELFASSESSERING!

Hoe het jy tot dusver gevaaar? Gee vir ons 'n aanduiding hoe jy voel oor die werk wat ons tot dusver afgehandel het. Maak net 'n regmerkie in die toepaslike kolom:

	Glad nie	Redelik goed	Goed	Uitste-kend
Ek weet wat "som van" beteken.	-----	-----	-----	-----
Ek kan die woord "inverse" verduidelik.	-----	-----	-----	-----
Ek kan getalle groepeer om makliker op te tel. (LU1.8)	-----	-----	-----	-----

Table 1

6 Assessering

Leeruitkomste 1: Die leerder is in staat om getalle en hul verwantskappe te herken, te beskryf en voor te stel. Hulle kan ook met bekwaamheid en vertroue tel, skat, bereken en kontroleer tydens die oplos van probleme.

Assesseringstandaard 1.8: Dit is duidelik wanneer die leerder skat en bereken deur geskikte bewerkings vir die oplossing van probleme in verband met die volgende te kies en te gebruik:

1.8.2: optel en aftrek van heelgetalle.